# Versoening in Jesus Christus



**2026-07-26**
**AGS Rayton**
**Past Gustav van Aardt**

## Ef 2:11-22

**Ef 2:11 Daarom, onthou dat julle wat vroeër heidene in die vlees was en onbesnedenes genoem word deur die sogenaamde besnydenis wat in die vlees met hande verrig word, 12 dat julle in dié tyd sonder Christus was, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte, sonder hoop en sonder God in die wêreld. 13 Maar nou in Christus Jesus het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van Christus. 14 Want Hy is ons vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding afgebreek het 15 deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die wet van gebooie wat in insettinge bestaan; sodat Hy, deur vrede te maak, die twee in Homself tot een nuwe mens kon skep 16 en albei in een liggaam met God kon versoen deur die kruis, nadat Hy daaraan die vyandskap doodgemaak het. 17 En Hy het die evangelie van vrede kom verkondig aan julle wat ver was en aan die wat naby was; 18 want deur Hom het ons albei die toegang deur een Gees tot die Vader. 19 So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God, 20 gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is, 21 in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot 'n heilige tempel in die Here, 22 in wie julle ook saam opgebou word tot 'n woning van God in die Gees.**

# Hopeloos Sonder Jesus Christus

Ef 2:11  Daarom, onthou dat julle wat vroeër heidene in die vlees was en onbesnedenes genoem word deur die sogenaamde besnydenis wat in die vlees met hande verrig word, 12  dat julle in dié tyd sonder Christus was, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte, sonder hoop en sonder God in die wêreld.

- Sonder Jesus is jy in 'n totale hopelose toestand.
- Onthou waar jy vandaan kom.
- Christuslose kondisie.
  - As heidene ook nie behoort aan God se volk Israel nie.
  - Vervreemd van die beloftes en Verbond van God.
  - Sonder kennis van Jesus.
  - Sonder redding.

Sonder hoop.    Sonder God.

# Hoopvol met Jesus Christus

Ef 2:11  Daarom, onthou dat julle wat vroeër heidene in die vlees was en onbesnedenes genoem word deur die sogenaamde besnydenis wat in die vlees met hande verrig word, 12  dat julle in dié tyd sonder Christus was, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte, sonder hoop en sonder God in die wêreld.  13  Maar nou in Christus Jesus het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van Christus.

- Maar nou!!!!
- Alles het verander.
- JESUS CHRISTUS.
- Sy bloed en redding bring ons naby aan God en mekaar.



# Jesus Christus ons Vrede

Ef 2:14 Want Hy is ons vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding afgebreek het 15 deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die wet van gebooie wat in insettinge bestaan; sodat Hy, deur vrede te maak, die twee in Homself tot een nuwe mens kon skep 16 en albei in een liggaam met God kon versoen deur die kruis, nadat Hy daaraan die vyandskap doodgemaak het. 17 En Hy het die evangelie van vrede kom verkondig aan julle wat ver was en aan die wat naby was;

- Geweldige voordele van Christenskap.
- Vrede!
  - Tussen Jood en heiden
  - Tussen God en die mense

- Daar is skeiding tusssen God en sondaars (Jood of heiden).
- Vyandskap word vernietig deur Jesus Christus.

# Gratis Toegang tot God die Vader

Ef 2:18 want deur Hom het ons albei die toegang deur een Gees tot die Vader.

- Vrye en gratis toegang tot God.
- Ons kom na God die Vader, deur Jesus Christus met die hulp van die Heilige Gees.
- Dit is vir almal. Deur Een Gees. (Jood of heiden)
- Geen skeidsmuur meer nie.
- Geen voorhangsel meer nie.








## Nie Meer 'n Vreemdeling nie

Ef 2:19 So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God,

- Nie meer 'n vreemde wat nêrens hoort nie.
- Nie meer verdwaal en aleen nie.







- Nou Medeburgers!!!
  Kerk van Jesus Christus.
  Die bruid.

## Jesus Christus die Hoeksteen

Ef 2:20 gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is, 21 in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot 'n heilige tempel in die Here,

- Die hoeksteen lê die hele struktuur uit.
- Die bepalende punt.
- Die ander mure en fondamente in verhouding gemeet en belyn.
- Dit dra die gewig, dikwels waar fondamentmure bymekaar kom.
- Met groot sorg gekies.
- Sterkste, noukeurig gesnyde klip.
- Daarsonder sal die hele gebou skeeftrek en ineenstort.





## ‘n Heilige Tempel in die Here

21 in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot ‘n heilige tempel in die Here, 22 in wie julle ook saam opgebou word tot ‘n woning van God in die Gees.

- Ons word almal saamgevoeg en opgebou tot ‘n woning van God in die Heilige Gees.
- ‘n Heilige tempel.

1Kor 6:19 Of weet julle nie dat julle liggaam ‘n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julself behoort nie? 20 Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort.

## Versoening deur die Hoeksteen Jesus Christus

1Pet 2:4 Kom na Hom toe, die lewende steen wat deur die mense wel verwerp is, maar by God uitverkore en kosbaar is;

5 en laat julle ook soos lewende stene opbou, tot ‘n geestelike huis, ‘n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus.

6 Daarom staan dit ook in die Skrif: Kyk, Ek lê in Sion ‘n uitverkore en kosbare hoeksteen, en die wat in Hom glo, sal nooit beskaam word nie.



